

20 April

Matteus 5:27-32, (Teks: 5:30)

Vlug vir sonde

Om 'n ledemaat te verloor is erg. Om 'n oog of die hand waarmee jy skryf te verloor, bring nie alleen 'n omwenteling in jou lewe nie, maar maak die lewe moeilik. As jy egter moet kies tussen jou hele liggaam en een ledemaat, sal jy eerder die ledemaat verloor.

Ons Here Jesus gebruik hierdie beeld om ons te leer wat gebeur wanneer ons nie erns maak met sonde in ons lewens nie. Sonde waarteen nie drasties opgetree word nie, veroorsaak dat jou hele lewe daardeur geraak word. Die drankvergryper se liggaam word afgetakel, hy verloor sy werk, sy vrou en raak verwyder van God. Die vrou wat ander mans nie kan uitlos nie, is voortdurend in konflik met vroue, sy verloor haar naam, vernietig families, woon nie meer eredienste by nie en bid ook nie meer gereeld nie.

Ons Here Jesus leer ons dat dit beter is om 'n ledemaat te verloor - hoe kosbaar en noodsaaklik dit ook mag wees - eerder as om jou hele liggaam te verloor. Prakties beteken dit dat jy bereid moet wees om van werk te verander, met vriende te breek en van gewoontes te verander om die versoeking van sonde te voorkom.

Bid God dat Hy jou deur sy Gees bereid sal maak om ter wille van sy eer en jou saligheid 'n "regteroog" of 'n "regterhand" te verloor. Hierdie tydelike verlies is nie naby so erg as die ewige verlies van jou liggaam nie.

Sing: Psalm 25:2,3

Ds. E.J. de Beer (Laeveld)